



ODEON 825 WG

Reg. No. / Nr. L 7597 Act No. / Wet Nr. 36 of / van 1947

A water dispersible granule contact fungicide for the preventive control of diseases in crops and ornamentals as indicated.	'n Waterdispergeerbare korrel kontakswamdoder vir die voorkomende beheer van siektes in gewasse en sierplante soos aangedui.
---	--

FRAC FUNGICIDE GROUP CODE	M5	FRAC SWAMDODER GROEPKODE
---------------------------	----	--------------------------

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL:

chlorothalonil.....825 g / kg.....chlorotalonil

NETT MASS / NETTO MASSA

.....kg.....

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER:

Adama SA (Pty) Ltd
Reg. No. 1992 / 001741 / 07
Box / Bus 498
Brackenfell
7561
Tel: 021 – 982 1460
Fax: 021 – 982 5810
infocpt@za.adama.com

Batch number

Lotnommer

Date of manufacture

Datum van vervaardiging

UN No: Not regulated / Nie gereguleer



CAUTION
VERSIGTIG



GROUP III

Blue band

WARNINGS:

- **Withholding periods:** Minimum number of days between the last application and harvest:

Beans (seed).....	3 days
Beans (hay).....	42 days
Cucurbits.....	3 days
Groundnuts (hay).....	42 days
Potatoes.....	3 days
Tomatoes.....	3 days

- Harmful if spray mist is inhaled or if the concentrate is swallowed.
- **ODEON 825 WG** may irritate eyes, nose and throat.
- Toxic to fish and very toxic to other aquatic organisms.
- Store in a cool, dry place away from food and feed.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry interval:** Do not enter treated field before the spray deposit has dried unless wearing protective clothing.
- **Aerial application: (Potatoes, beans and groundnuts only).** Inform all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow spray drift to contaminate water or adjacent areas.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water; compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS:

- Do not inhale spray mist.
- Wear face shield and rubber gloves when mixing the concentrate.
- Wash with soap and water after accidental skin contact. Wash contaminated work clothes daily.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or spraying or before hands and face are washed
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams or any other area not under treatment
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Clean applicator after use and dispose of wash water where it will not contaminate other crops, grazing, rivers or dams.
- Containers and packages must be completely emptied before being disposed of. Shake out thoroughly into the mixing or spray tank before destroying the empty container.
- Do not re-use the empty container for any other purpose.

Resistance warning:

For resistance management, **ODEON 825 WG** is a group code M5 fungicide. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **ODEON 825 WG** and other group code M5 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungus population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **ODEON 825 WG** or any other group code M5 fungicide.

To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank-mix with products from different fungicide group codes.
- Integrate the control methods (chemical, cultural, biological) into fungicide control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

DIRECTIONS FOR USE: Use only as indicated.

Compatibility:

The compatibility of **ODEON 825 WG** with other insecticides and fungicides is unknown. The compatibility must be established before hand on a small scale. When used in tank mixes with other crop protection chemicals the conditions that appear on the labels of those chemicals should be studied and adhered to. If applied by means of a centre pivot irrigation system, **ODEON 825 WG** must not be mixed with any other agricultural remedy or fertiliser.

Mixing instructions:

Half fill the spray tank with clean water. Mix the required volume of **ODEON 825 WG** separately in a small volume of water before adding to the spray tank while agitating. When **ODEON 825 WG** is used in a tank mixture with other products add the products in the following sequence: adjuvant/acidifier, wettable powder, suspension concentrate, emulsifiable concentrate. Fill the spray tank to the required volume with water while agitating the spray mixture. It is important to maintain agitation during mixing and application. Prepared spray mixtures must not be left for any length of time, e.g. overnight.

Application:

ODEON 825 WG must be applied as a preventive application. Good coverage on both upper and lower surfaces of leaves should be ensured. Repeat application if 12 mm or more rain or irrigation is received within 72 hours after application. If weather conditions favourable for the development of disease prevail for long periods, it should be considered to alternate **ODEON 825 WG** with registered systemic fungicides.

Ground application:

ODEON 825 WG can be applied by any suitable medium or high volume spraying apparatus provided it is correctly calibrated, has an efficient agitation system and is able to distribute the spray mixture evenly over the target area.

Aerial application: (Potatoes, beans and groundnuts only).

Aerial application of **ODEON 825 WG** may only be done by a registered Aerial Application Operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- **Volume:** A spray mixture volume of 30 - 35 ℓ / ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
- **Droplet coverage:** 50 - 70 droplets / cm² must be recovered at the target area.
- **Droplet size:** A droplet spectrum with a VMD of 220 - 250 micron is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 micron (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- **Flying height:** Maintain the height of the spray boom at 3 - 4 m above the target. Do not spray when aircraft is diving, climbing or when banking
- Use suitable **atomising equipment** that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60 - 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the **wingtip vortices**.
- The difference in **temperature** between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8 °C.
- Stop spraying if the **wind** speed exceeds 15 km / h.
- Stop spraying under **turbulent**, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature **inversion conditions** (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
 - a) reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
 - b) damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the Aerial Spray Operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the Aerial Spray Operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

NOTE: For potatoes and beans, apply in not less than 30 ℓ water / ha and for groundnuts in 50 ℓ water / ha.

Centre pivot application:

ODEON 825 WG may be applied through a centre pivot irrigation system. The supply tank and connecting pipes should be leak free and fitted with an efficient agitation mechanism. The spray mixture must be injected into the irrigation system by means of a positive displacement metering pump. Non-return valves in the system must be in place to prevent a back flow of the spray mixture to the water sources. If a chemigation system is not fitted to the centre pivot and the spray mixture is injected directly into the irrigation system, the centre pivot should be set at maximum speed and minimum water delivery. The spray mixture must be applied evenly over the target area in one continuous operation. Run-off must be prevented in order to eliminate the risk of pollution or phytotoxicity. Flush the whole system with clean water after use. Ensure that the flush water does not contaminate water sources.

APPLICATION RATES:

CROP / DISEASE	DOSAGE	REMARKS
BEANS Rust <i>(Uromyces appendiculatus)</i>	<p>Dry land: Ground application: 600 g – 1,2 kg / ha</p> <p>Aerial application: 600 g – 1,2 kg / ha</p> <p>Irrigated: Ground application: 1,2 kg / ha</p> <p>Aerial application: 1,2 kg / ha</p>	<p>Commence application as a preventive spray when weather conditions favour the development of the disease (periods of high humidity of 8 – 10 hours). Use the higher dosage rate on bigger plants or when weather conditions favouring the development of the disease prevail. Repeat application every 7 – 14 days. Apply as a full cover spray in 250 – 500 ℓ water / ha depending on plant size.</p> <p>Apply as above in at least 30 ℓ water / ha</p> <p>Apply as above as a full cover spray in 250 – 500 ℓ water / ha depending on plant size.</p> <p>Apply in at least 30 ℓ water / ha.</p>
CUCURBITS Anthracnose <i>(Colletotrichum orbiculare)</i> Downy mildew <i>(Pseudoperonospora cubensis)</i>	875 g – 1,75 kg / ha	<p>Apply as a full cover preventive spray or when weather conditions favour the development of the disease. Apply in at least 500 ℓ water / ha. Use the higher dosage rate when weather conditions favour the development of the disease. Repeat application at 7 - 10 day intervals. Ensure good coverage of all plant parts.</p>
GROUNDNUTS Leafspot <i>(Cercospora spp., Cercosporidium spp., Phoma spp.)</i> <i>Botrytis rot</i> <i>(Botrytis spp.)</i>	<p>Dry land: Ground application: 600 g – 1,4 kg / ha</p>	<p>Apply as a full cover preventive application in not less than 500 ℓ water / ha. Repeat every 10 – 14 days at the lower rate for low infections. Commence application 6 – 10 weeks after planting or earlier if weather conditions favour the development of the disease. Use the higher rate for more severe infections and increase the water volume from 500 ℓ to 1500 ℓ / ha depending on plant size. Repeat application every 7 - 10 days for high infections.</p>
	<p>Aerial application: 1,4 kg / ha</p> <p>Irrigation: 1,4 kg / ha</p>	<p>Apply in at least 50 ℓ water / ha when tractor applications are impractical due to very wet conditions.</p> <p>Apply as above in up to 1500 ℓ water / ha. Repeat application every 7 - 14 days.</p>

CROP / DISEASE	DOSAGE	REMARKS
<p>ORNAMENTALS FLOWERS and LAWNS</p> <p>GLADIOLI Leaf spot</p> <p>LAWNS and TURF Dollar spot</p> <p>ROSES Black spot</p>	<p>166 g / 100 ℓ water</p> <p>Preventive: 305 g / 100 ℓ water</p> <p>Corrective: 455 g / 100 ℓ water</p> <p>166 g / 100 ℓ water</p>	<p>Apply as a full cover preventive spray every 7 – 14 days. Do not apply during flowering</p> <p>Apply at least 10 ℓ spray mixture / 100 m² in a spray programme at 7 – 10 day intervals.</p> <p>Apply twice within 7 days and thereafter use the preventive programme as above.</p> <p>Apply as a preventive full cover spray programme at spray intervals of 7 – 14 days.</p>
<p>POTATOES Early blight (<i>Alternaria solani</i>) Late blight (<i>Phytophthora infestans</i>)</p>	<p>Ground application: 600 g – 1,75 kg / ha</p> <p>Centre pivot application: 1,75 kg / ha</p>	<p>Commence application as a preventive treatment before the disease appear or if weather conditions favour the development of the disease. Low infection: Apply at a rate of 600 g / ha at 7 day intervals or at 875 g / ha at 10 day intervals under dry land conditions. High infection: Apply at a rate of 1,75 kg / ha and repeat application at 5 - 7 day intervals in not less than 500 ℓ and up to 1500 ℓ water / ha depending on the density of the foliage and the size of the plants. Use this rate also for potatoes under irrigation. If necessary alternate ODEON 825 WG with registered systemic products.</p> <p>Refer to ground application above for usage directions. Apply as a spray programme starting 2 weeks after emergence at intervals of 7 – 10 days. Do not exceed a 10 day interval between applications. Refer to section under centre pivot application under APPLICATION. It is important to ensure that full cover, even wetting is obtained on all parts of potato plants.</p> <p>NOTE: Up-to-date potatoes cultivated under centre pivot irrigation are extremely susceptible to late blight infection from January - April especially in the Limpopo Province and ODEON 825 WG might not give adequate control under such high disease pressure during this period. It is suggested to apply ODEON 825 WG at 1,75 kg / ha and at a spray interval of 4 - 5 days during this period on this cultivar.</p>

CROP / DISEASE	DOSAGE	REMARKS
	Aerial application: 875 g – 1,75 kg / ha	Use as for ground application. Apply the lower rate for lower infections and the higher rate for more severe infections. Apply in not less than 30 ℓ water / ha.
<p>TOMATOES. Early blight (<i>Alternaria solani</i>) Late blight (<i>Phytophthora infestans</i>) Botrytis rot (<i>Botrytis cinerea</i>)</p>	<p>92 g / 100 ℓ water</p> <p>165 g / 100 ℓ water</p> <p>185 g / 100 ℓ water</p> <p>330 g / 100 ℓ water</p>	<p>Apply as a preventive application from flowering before any symptoms appear or when weather conditions favour the development of the disease.</p> <p>Apply as a full cover spray using up to 2000 ℓ spray mixture / ha depending on plant size or whether plants are trellised or not. When Botrytis rot threatens apply the higher rate at 7 day intervals for both high and low applications. Ensure good coverage of both upper and lower leaf surfaces.</p> <p>High volume: Apply at 1000 - 2000 ℓ spray mixture / ha on mature plants.</p> <p>Low infection: Apply every 10 – 14 days. Do not use less than 920 g ODEON 825 WG / ha on mature plants.</p> <p>High infection: Apply every 7 – 10 days. Do not use less than 1,65 kg ODEON 825 WG / ha on mature plants.</p> <p>Low volume: Apply 500 ℓ spray mixture / ha on mature plants.</p> <p>Low infection: Apply every 10 – 14 days. Do not apply less than 920 g ODEON 825 WG / ha on mature plants.</p> <p>High infection: Apply every 7 – 10 days. Do not apply less than 1,65 kg ODEON 825 WG / ha on mature plants.</p>

WAARSKUWINGS:

- **Onthoudingsperiodes:** Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes:

Aartappels.....	3 dae
Bone (saad).....	3 dae
Bone (hooi).....	42 dae
Grondbone (hooi).....	42 dae
Pampoengewasse.....	3 dae
Tamaties.....	3 dae

- Skadelik indien spuitnewel ingeasem of die konsentraat ingesluk word.
- **ODEON 825 WG** mag die oë, neus en keel irriteer.
- Giftig vir visse en baie giftig vir ander waterorganismes.
- Berg in 'n koel droë plek weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetredingsinterval:** Moet nie behandelde gebied binnegaan voordat spuitneerslag droog is nie tensy beskermende klere gedra word.
- **Lugtoediening: (Slegs aartappels, bone en grondbone).** Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarkuwings uit. Moet nie toedien oor of toelaat dat spuitnewel dryf oor omliggende gebiede of water nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie die spuitnewel inasem nie.
- Dra 'n gesigskerm en rubberhandskoene wanneer die konsentraat vermeng word.
- Was met water en seep indien dit toevallig met die vel in aanraking kom. Was besoedelde klere daaglik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging en bespuiting of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom dat die spuitnewel wegdryf na ander gewasse, weiding, riviere, damme of enige ander gebied wat nie behandel moet word nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik en raak van waswater ontslae waar dit nie ander gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Houers en verpakkings moet heeltemal leeggemaak word voordat hulle vernietig word. Skud die houer deeglik uit in die meng- of spuitenk voordat leë houer vernietig word.

- Vernietig die leë houer op die voorgeskerwe wyse en moet dit vir geen ander doel hergebruik nie.

Weerstandswaarskuwing:

ORDEON 825 WG is 'n groepkode M5 swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **ORDEON 825 WG** of enige ander groepkode M5 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **ORDEON 825 WG** of enige ander groepkode M5 swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermoed die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoderprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

Verenigbaarheid:

Die verenigbaarheid van **ODEON 825 WG** met ander insek- en swamdoders is onbekend. Verenigbaarheid moet vooraf op 'n klein skaal bepaal word. Indien dit egter in tenkmengsels met ander landboumiddels gebruik word, moet daardie middels se etiketvoorskrifte bestudeer en nagekom word. Indien **ODEON 825 WG** deur 'n spilpuntbesproeiingstelsel toegedien word, moet dit nie met ander landboumiddels of kunsmis gemeng word nie.

Menginstruksies:

Maak die spuitnek halfvol met skoon water. Meng die verlangde hoeveelheid **ODEON 825 WG** apart in water en voeg in die tenk terwyl geroer word. Indien **ODEON 825 WG** in 'n tenkmengsel saam met ander produkte gebruik wil word, voeg die produkte in die volgende volgorde in die spuitnek: bevorderings-/versuringsmiddel, benatbare poeier, suspensiekonsentraat, emulgeerbarekonsentraat. Vul die spuitnek tot die verlangde volume met water terwyl geroer word. Dit is belangrik om roering gedurigdeur te handhaaf tydens vermenging en toediening. Aangemaakte mengsels moet nie toegelaat word om vir lang periodes in die tenk te staan nie, bv. oornag.

Toediening:

ODEON 825 WG moet as 'n voorkomende bespuiting toegedien word. 'n Goeie bedekking moet op die bo- en onderkante van blare verseker word. Die bespuiting moet herhaal word indien 12 mm of meer reën of besproeiing binne 72 uur na toediening ontvang is. Indien weerstoestande wat bevorderlik is vir die ontwikkeling van siektes langdurig voorkom, moet oorweeg word om **ODEON 825 WG** met sistemiese middels af te wissel.

Grondtoediening:

ODEON 825 WG kan deur middel van enige geskikte medium- of hoëvolume spuitapparaat toegedien word mits dit korrek gekalibreer is, oor 'n doeltreffende roermeganisme beskik en in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied te versprei.

Lugtoediening: (Slegs aartappels, bone en grondbone).

ODEON 720 SC kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 - 35 ℓ / ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppelbedekking: 50 - 70 druppels / cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 220 - 250 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieg hoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 - 4 m. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, klim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 - 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km / u oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - a) verlaagde doeltreffendheid aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

LET WEL: Dien toe in nie minder nie as 30 ℓ water / ha vir aartappels en bone en in 50 ℓ water / ha vir grondbone.

Toediening deur spilpunte:

ODEON 825 WG mag deur 'n spilpunt besproeiingsstelsel toegedien word. Die toevoertenk en alle pypleidinge moet sonder enige lekkasies wees en moet met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus wees. Die spuitmengsel moet met 'n positiewe verplasmingsmeetpomp in die stelsel ingevoer word. Terugslagkleppe moet in die stelsel wees om te verhoed dat die spuitmengsel na die waterbron kan terugvloei. Indien die spilpunt nie voorsien is van 'n "Chemigation" stelsel nie en die spuitmengsel direk in die besproeiingsstelsel ingespruit word, behoort die spilpunt teen maksimum spoed en minimum lewering ingestel te word. Die spuitmengsel moet eweredig oor die teikengebied in een deurlopende aksie aangewend word. Afloop van spuitmengsel moet vermy word om besoedeling en plantskade te voorkom. Spoel die hele stelsel met skoon water uit na gebruik en sorg dat die spoelwater nie waterbronne besoedel nie.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:

GEWAS / SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
AARTAPPELS Vroeëroes (<i>Alternaria solani</i>) Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>)	Grondtoediening: 600 g – 1,75 kg / ha Spilpuntoediening : 1,75 kg / ha	Dien voorkomend toe voor die siekte verskyn of as weerstoestande die ontwikkeling van die siekte bevoordeel. Lae infeksie: Die toe teen 'n dosis van 600 g / ha elke 7 dae of teen 'n dosis van 875 g / ha elke 10 dae onder droëlandverbouing. Dien toe in 500 ℓ water / ha. Hoë infeksie: Dien toe teen 'n dosis van 1,75 kg / ha en herhaal toediening met 5 - 7 dae tussenposes in nie minder nie as 500 ℓ tot 1500 ℓ water / ha afhangende van plantgrootte en digtheid van loof. Gebruik hierdie dosis ook op aartappels onder besproeiing. Indien nodig moet ODEON 825 WG afgewissel word met geregistreerde sistemiese middels. Verwys na grondtoediening vir gebruiksaanwysings asook die gedeelte by spilpuntoediening onder TOEDIENING. Dien toe in 'n spuitprogram beginnende 2 weke na opkoms met 7 – 10 dae tussenposes. Moet nie 'n 10 dae tussenpose oorskry nie. Dit is belangrik om te verseker dat 'n volle dektoediening egalig oor alle dele van die plante verkry word. LET WEL: "Up-to-date" aartappels verbou onder spilpuntbesproeiing is baie vatbaar vir laatroes infeksies gedurende Januarie - April veral in die Limpopo Provinsie en ODEON 825 WG mag moontlik nie voldoende beheer gee onder sulke hoë besmettingsdruk nie. Daar word aanbeveel dat ODEON 825 WG teen 2,2 kg / ha elke 4 - 5 dae toegedien word gedurende dié tydperk in die geval van hierdie kultivar.

GEWAS / SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
	Lugtoediening: 875 g – 1,75 kg / ha	Gebruik soos vir grondtoediening. Dien die laer toedieningshoeveelheid toe vir lae infeksies en die hoër toediening vir swaarder infeksies. Dien toe in nie minder nie as 30 ℓ water / ha.
BONE Bruinroes (<i>Uromyces appendiculatus</i>)	Droëland: Grondtoediening: 600 g – 1,2 kg / ha Lugtoediening: 600 g – 1,2 kg / ha Besproeiing: Grondtoediening: 1,2 kg / ha Lugtoediening: 1,2 kg / ha	Dien toe as ‘n voorkomende bespuiting as weerstoestande die ontwikkeling van die siekte bevoordeel (tydperke van 8 – 10 uur van hoë humiditeit). Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid op groter plante of as weerstoestande wat die siekte bevoordeel langdurig voortduur. Herhaal toediening elke 7 – 14 dae. Dien toe as ‘n volle dekhoediening in 250 – 500 ℓ water / ha afhangende van plantgrootte. Dien toe soos bo in ten minste 30 ℓ water / ha. Dien toe soos bo as ‘n volle dekhoediening in 250 – 500 ℓ water / ha. Dien toe in ten minste 30 ℓ water / ha
GRONDBONE Blaarvlek (<i>Cercospora</i> spp., <i>Cercosporidium</i> spp., <i>Phoma</i> spp.) Botrytis vrot (<i>Botrytis</i> spp.)	Droëland: Grondtoediening: 600 g – 1,4 kg / ha Lugtoediening: 1,4 kg / ha Besproeiing: 1,4 kg / ha	Dien voorkomend toe as ‘n volle dekhoediening in nie minder nie as 500 ℓ water / ha. Herhaal elke 10 – 14 dae teen die laer dosis vir lae infeksies. Begin met toediening ongeveer 6 – 10 weke na plant of vroeër indien weerstoestande die ontwikkeling van die siekte bevorder. Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid vir swaarder besmettings en vermeerder die watervolume van 500 ℓ na 1500 ℓ / ha afhangende van plantgrootte. Herhaal toediening elke 7 - 10 dae vir hoër infeksies. Dien toe in ten minste 50 ℓ water / ha wanneer trekkertoediening nie prakties is nie a.g.v. baie nat toestande. Dien toe soos hierbo in tot 1500 ℓ water / ha. Herhaal toediening elke 7 - 14 dae.
PAMPOENGWASSE Antraknose (<i>Colletotrichum orbiculare</i>)	875 g – 1,75 kg / ha	Dien toe as ‘n voorkomende volle dekhoediening wanneer weerstoestande die ontwikkeling van die siekte bevorder. Dien toe in ten minste 500 ℓ water / ha. Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid as weerstoestande die ontwikkeling

GEWAS / SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
Donsige skimmel (<i>Pseudoperonospora cubensis</i>)		van die siekte bevoordeel. Herhaal toediening met 7 - 10 dae tussenposes. Verseker deeglike bedekking van alle plantdele.
<p>SIERPLANTE, BLOMME en GRASPERKE</p> <p>SWAARDLELIES Blaarvlek</p> <p>GRASPERKE Dollarvlek</p> <p>ROSE Swartvlek</p>	<p>166 g / 100 ℓ water</p> <p>Voorkomend: 305 g / 100 ℓ water</p> <p>Korrektief: 455 g / 100 ℓ water</p> <p>166 g / 100 ℓ water</p>	<p>Dien toe as 'n volle voorkomende deктоediening en herhaal elke 7 – 14 dae. Moet nie tydens blom toedien nie.</p> <p>Dien ten minste 10 ℓ spuitmengsel / 100 m² toe in 'n spuitprogram. Herhaal elke 7 – 10 dae.</p> <p>Dien twee keer toe binne 7 dae en gebruik daarna die voorkomende program soos hierbo aangedui.</p> <p>Dien toe as 'n voorkomende volle deктоediening. Herhaal elke 7 – 14 dae.</p>
<p>TAMATIES Vroeëroes (<i>Alternaria solani</i>) Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>) Botrytis vrot (<i>Botrytis cinerea</i>)</p>	<p>92 g / 100 ℓ water</p> <p>165 g / 100 ℓ water</p>	<p>Dien toe as 'n voorkomende toediening vanaf blom voor enige simptome verskyn of as weerstoestande die ontwikkeling van die siekte bevorder. Dien toe as 'n volle deктоediening en gebruik tot 2000 ℓ spuitmengsel / ha afhangende van plantgrootte en of die plante opgelei is of nie. Indien Botrytis dreig, dien die hoër dosis toe met 7 dae tussenposes vir beide hoë- en laevolume toediening. Verseker deeglike benatting van die boonste sowel as die onderste blaaroppervlakke.</p> <p>Hoëvolume: Dien toe teen 1000 – 2000 ℓ spuitmengsel / ha op volwasse plante.</p> <p>Lae infeksie: Dien elke 10 – 14 dae toe. Moet nie minder as 920 g ODEON 825 WG / ha op volwasse plante toedien nie.</p> <p>Hoë infeksie: Dien elke 7 – 10 dae toe. Moet nie minder as 1,65 kg ODEON 825 WG / ha toedien op volwasse plante nie.</p>

GEWAS / SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
	<p>185 g / 100 ℓ water</p> <p>330 g / 100 ℓ water</p>	<p>Laevolume: Dien 500 ℓ spuitmengsel / ha op volwasse plante toe.</p> <p>Lae infeksie: Dien elke 10 – 14 dae toe. Moet nie minder as 920 g ODEON 825 WG / ha toedien op volwasse plante nie.</p> <p>Hoë infeksie: Dien elke 7 – 10 dae toe. Moet nie minder as 1,65 kg ODEON 825 WG / ha op volwasse plante toedien nie.</p>